DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

21 November 2021

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Openbaring 3: 7 - 13 |
| **Tema** | God is by ons elke dag |
| **Sang** | Psalm 146: 1, 3<br>Skrifberyming 12-3 1, 2<br>Skrifberyming 5-4: 2, 3<br>Psalm 23: 3<br>Psalm 116: 1, 10<br>Skrifberyming 5-4: 5, 6 |

Filadelfia! Wát 'n pragtige naam vir 'n stad! Dit beteken "Broederliefde". Filadelfia het ook bekend gestaan as "die Poort na die Ooste", want dit was die deur na die plato van Klein-Asië. Gevolglik het die stad 'n florerende sakelewe gehad. Maar Filadelfia was baie swaar getref deur dieselfde verwoestende aardbewing wat Sardis getref het in 17nC. Elf ander stede van Klein-Asië is tydens daardie verskrikking met die aarde platgevee. 'n Verskriklike ramp! Ten spyte van die aardbewing, het die landbou van die streek egter baie goed gedoen, want die vrugbare vulkaanlae het boerdery daar baie lonend gemaak. Die brief begin met 'n pragtige simboliek, waar Jesus - die Heilige, die ware God - in besit is van die sleutels van die lewe, of soos Johannes dit noem, "die sleutel van Dawid." Christus is die Een wat die deur tussen die mens en God is. Vir gelowiges sluit Hy hierdie deur oop, en gee vrye toegang tot God. Vir ongelowiges sluit Hy egter hierdie deur dig toe.

Christus sê aan die gemeente in Filadelfia dat Hy ‘n deur voor hulle oopgesluit het wat niemand kan toesluit nie, selfs nie eers die Jode nie. Inderdaad kon die Jode die deure van die sinagoge vir hulle toesluit, maar nét daar eindig hulle mag. Die deur wat Christus oopsluit, is egter baie groter as die deur wat die Jode toesluit. Dink maar aan die deur na die heidenlande in Frigië, waar ‘n braakland oopgelê het vir die verspreiding van die Evangelie. Vandag sluit Jesus steeds deure oop, waar mense dink dat hulle dit dig toegesluit het.

Die brief aan Filadelfia bevat verskeie beloftes, nie net vir daardie gemeente nie, maar ook vandag vir ons. Nie alleen sluit Jesus deure oop nie, maar Hy het selfs die mag om “die Sinagoge van Satan” - die Jode wat steeds dink dat hulle die uitverkore volk is - voor Hom te laat buig. En wanneer daar verdrukking en beproewings kom, moet ons nie moedeloos raak nie, want Jesus hou ons styf vas. Ons leef in ‘n tyd van verskrikking, waar onreg rondom ons floreer. Die virus wat wêreldwyd ‘n groot impak en baie trauma veroorsaak het, laat ons bang en alleen voel. Maar wéét dan dat ons nie alleen is nie, en dat Jesus ons selfs deur hierdie tyd styf vashou. En Hy staan by ons deur elke trauma, skaking, inbraak, rooftog en inperking. Ons kan getuig van hoe die Here ons op wonderbaarlike wyse dra deur ons grootste beproewing. “Hou vas wat julle het, sodat niemand julle kroon wegvat nie”, sê Jesus vandag vir jou en my.

In die Hemel wag daar groot belonings vir diegene wat bly vashou aan hulle geloof, dié wat die oorwinning behaal. Ons is meer as oorwinnaars deur Jesus wat ons die krag daarvoor gee. Elkeen wat oorwin sal 'n stewige pilaar in die nuwe Jerusalem wees, en geen aardbewing sal dié pilaar ooit laat wankel nie.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons dank die Here vir Sy genade in Theyman en Simonè Jongbloed en hulle familie, se lewe. Ons bid julle die seën van die Here toe vir die behandeling wat volg.
* Ons bid vir Hennie en Julie Oelofse vir verligting van pyn in sy siekte. Ons dink aan Julie met die versorging van Hennie.
* Ons maak met leedwese bekend dat Elsie de Beer die afgelope week oorlede is. Ons bid vir Hendrik en Gustav in hulle hartseer.
* Fanus de Beer, 'n oud-lidmaat, is die afgelope week oorlede nadat hy kanker gekry het. Ons dink aan Malie en haar familie in ons gebede.
* Geluk aan Veronica Schutte wat Maandag ouma geword het van 'n fris seuntjie. Ons hoop dat hy vir julle almal vreugde sal bring.
* Baie welkom aan die besoekers uit ander gemeentes. Lidmate van ander gemeentes wat op 'n ordelike wyse by die Kerkraad aansoek gedoen het om Nagmaal te vier, word toegelaat.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 21 NOV 2021

**Diensbeurt:** Wyk C3 **Katkisasie:** Graad 11

**Ouderling: Danie Combrink** **Diaken: Roelof Venter**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal soos voorheen weer, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

## ATTESTATE ONTVANG

Die volgende lidmate word hartlik in die gemeente verwelkom :

Belydende lidmate Johano vd Walt en Anerique vd Walt vanaf GK Cachet Potchefstroom

Ons hoop dat julle welkom sal voel hier in ons midde.



## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 23 November | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 24 November | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 25 November | 09:30 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 25 November | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |
| **27 November** | **08:00** | ***Kerk*** | **Diakonale kersmark** |
| **29 November** | **18:00** | ***Kerk*** | **Breëkerkraadsverg.** |



# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend/Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 22 Nov | Flip Nell | 65 | B | 083 302 1802 |
| Wo 24 Nov | Rietha Carstens | 63 | B | 072 453 9747 |
| Do 25 Nov | Stephan Coetsee | 51 | B | 082 494 0596 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 24 Nov 1984 | Albert & Annamart Coetzee | 37 | 083 626 3900<br>083 627 6821 |
| 24 Nov 2012 | Danie & Rioni Combrink | 9 | 082 804 7041<br>082 335 9553 |



## *GEDAGTE VIR DIE WEEK*

*Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.*

*Psalm 37: 5*

# DIAKONALE KERSMARK




Die diakonie beplan om 'n **kersmark te hou op 27 November 2021** om 08:00 by die kerk, dit sal die laaste fonds insamelings poging wees van die diakonie vir die jaar.


Antoinette Suaermann is die sameroeper en enige voorstelle uit die gemeente kan aan haar gegee word by 082 366 5041.


Ons weet dat die gemeente soos in die verlede weer die projek sal ondersteun en om daardie rede vra ons almal se hulp om die projek te ondersteun.

Lidmate kan skekings gee van:

- Ou klere,
- Bestandele vir die bak van vrugtekoeke, klein koekkies, beskuit ens,
- Pannekoek bestandele soos meel, eiers en olie, suiker, kanneel ens,
- Handgemaakte items vir kers geskenke,
- Ingemaakte produkte soos konfyt, vrugte ens.

**Almal se samewerking sal baie hoog op prys gestel word.**


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 129 326.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92
SEP
R 112 611.00
R 125 038.92
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
R 36 533.50
R 50 317.40
MRT
R 41 630.70
R 22 141.76
APR
R 23 858.80
R 35 979.75
MEI
R 48 167.00
R 27 227.60
JUN
R 15 887.90
R 32 103.94
JUL
R 17 220.00
R 16 514.38
AUG
R 32 727.20
R 28 444.27
SEP
R 22 410.00
R 18 569.61
OKT
R 29 313.70
R 22 972.78
INKOMSTE
UITGAWES

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Ek weet alles wat julle doen. Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie. Ek weet dat julle min krag het, en tog het julle aan my boodskap vasgehou en My nie verloën nie.*

*Openbaring 3: 8*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS